**Jesus se Opstanding**
Lukas 24:1-50

Die verhaal oor Jesus se opstanding is opgeteken in Lukas 24.  Lees gerus van vers 1 tot 49.

Dit is opvallend dat Lukas vir ons vertel dat dit vrouens was wat die eerste getuies was van Jesus se opstanding!  Dit is opvallend omdat in die samelewing van daardie tyd vrouens nie regte gehad het nie.  Ons sien dit ook in Lukas se verhaal dat die dissipels nie hulle getuienis dadelik glo nie.  Die ander Evangelies vertel ook dat die vrouens die eerste getuies was.  Vir so lank in ons kerk moes vrouens ook terugstaan vir mans en is hulle nie toegelaat om as dominees, ouderlinge of diakens te dien nie.  Dit is hartseer dat dit ons so lank gevat het om dit te verander as die vroegste eerste getuies van die opstanding van Jesus juis vrouens was!

Jesus het in sy bediening ander mense uit die dood opgewek maar dit is belangrik om te sien dat daardie opstanding nie dieselfde was as Jesus se opstanding nie.  Lasarus en Jaïrus se dogtertjie was dood en is weer opgewek maar met dieselfde liggame as wat hulle gesterf het.  Jesus het uit die dood opgestaan met 'n verheerlikte liggaam!  Ons sien hoe die Emmaus gangers Hom nie erken nie en hoe Hy net skielik by die dissipels verskyn al is hulle agter toe deure.

Jesus se opstanding beteken eerstens dat Hy **God** self is.  Hy het die **dood** oorwin.  Hy het daarmee seker gemaak dat ons vir niks hoef **bang** te wees nie.  Ons hoef nie vir die **dood** bang te wees nie want ons het die **ewige** lewe. Aan Hom is alle **mag** gegee.  Omdat Hy die **dood** oorwin het kan ons vir Hom **vergifnis** vra wanneer ons sonde doen en kan ons lewe as **oorwinnaars**.